Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

VAN VOORNEME OM VASTE EIENDOM TE VERKOOP?
VOLG HIERDIE AANWYSERS OM BELASTINGKLARING TE VERGEMAKLIK

Overstrand se afdeling belasting en databeheer wil verkopers ten eerste daarop attent maak dat alle aansoeke om belastingklaringsertifikate deur 'n aktebesorger (prokureur) behartig word en nie deur die verkoper nie. Die munisipaliteit sal slegs 'n belastingklaringsertifikaat uitreik wanneer dit 'n voltooide voorgeskrewe aansoekvorm tesame met alle verlangde dokumentasie vanaf die aktebesorger ontvang het. Die verkoper is egter steeds daarvoor verantwoordelik om alle koste wat in hierdie verband aangegaan word sowel as enige bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is, te betaal.

In die geval van eiendomme met verbeterings, sal die eiendom eers deur die boubeheerafdeling geïnspekteer word waarna die aktebesorger in kennis gestel sal word van die uitstaande bedrae wat betaalbaar is en enige bou-oortredings waaraan aandag geskenk moet word. Die koste van so 'n inspeksie is R250.

Aansoeke om belastingklaring vir eiendomme sonder enige verbeterings benodig 'n aanvanklike inspeksie deur die brandweerafdeling voordat die aktebesorger kennis gegee sal word van enige uitstaande bedrae wat betaalbaar is. Indien die onbeboude erf as 'n brandgevaar verklaar word, sal 'n erfskoonmaakdeposito by die invorderings gevoeg word, tensy die eiendom skoongemaak, weer geïnspekteer en deur die brandweerafdeling as vry van brandgevaar verklaar word. Die administrasiegelde vir die skoonmaak van erwe beloop R1 000 plus die werklike koste om die erf skoon te maak, wat gehef sal word soos per tenderno. 1481/2014.

In alle gevalle beloop die koste vir aansoeke om belastingklaringsertifikate wat per hand, via e-pos of faks gedoen word plus die waardasiesertifikate R385. Die koste vir elektroniese aansoeke via Korbitec of L@W vir dieselfde sertifikate beloop R122.

By die verkoop van enige eiendom binne Overstrand se regsgebied sal die Raad die oordrag van 'n eiendom verhoed deur die belastingklaringsertifikaat terug te hou totdat alle eiendomsbelasting-, diens- en diverse heffings en enige beraamde bedrae wat vir die duur van die geldigheid van die sertifikaat op die eiendom van toepassing gaan wees ten volle vereffen is.

Die geldigheidsperiode vir 'n belastingklaringsertifikaat is 90 dae, met die verskuldigde bedrae wat as volg bereken word:

- Aansoeke wat tussen die 1ste en die 14de van die maand ontvang word, sal drie maande se vooruitvorderings plus alle lopende skuld op die eiendom insluit.
- Aansoeke wat tussen die 15de en die einde van die maand ontvang word, sal vier maande se vooruitvorderings plus alle lopende skuld op die eiendom insluit.

By ontvangs van die behoorlik voltooide aansoek om 'n belastingklaringsertifikaat het die munisipaliteit 10 werksdae om kennis te gee van die bedrag wat betaalbaar is en 'n verdere 10 werksdae om die belastingklaringsertifikaat te lewer nadat bewys van betaling bekragtig is.

Waar enige residensiële of nie-residensiële debiteur 'n reëling met die munisipaliteit ten opsigte van agterstallige bedrae op die eiendom getref het, sal die voorgeskrewe sertifikaat soos na verwys in artikel 118 van die Stelselswet nie uitgereik word alvorens die volle uitstaande bedrag betaal is nie.

Verkopers word ook daaraan herinner om seker te maak dat afsluitingsvorms na behore voltooi word waar eiendomme met water- en/of elektrisiteitsmeters toegerus is sodat hierdie aan die nuwe eienaar (koper) oorgedra kan word.

Enige navrae in verband met die voorafgaande kan gerig word aan Overstrand se afdeling belasting en databeheer by telno. 028 313 8000 of faksno. 028 312 1894 of per e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

SUID-AFRIKA SE OUDITEUR-GENERAAL, KIMI MAKWETU, en 'n span senior amptenare in sy kantoor het onlangs besoek aan Overstrand gebring as deel van 'n landwye toer om nakoming van ouditstandaarde by plaaslike owerhede in te burger, omstandighede ten spyt. Ter afsluiting van Makwetu se ontmoeting met hooggeplaaste munisipale amptenare is hy en sy span getrakteer op 'n blitsbesoek aan sommige van die vernamе diensleweringsprojekte in die area.

Onder andere het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, munisipale bestuurder Coenie Groenewald en Overstrand se direkteure Makwetu en sy span vergesel op 'n besoek aan die nuwe 66kV-Walkerbaaisubstasie wat in Hermanus se nywerheidsgebied opgerig is. Teen 'n projekwaarde van ongeveer R29 miljoen verhoog hierdie substasie nie net die kapasiteit om krag aan die Hermanus-gebied te lewer nie, maar bied boonop groot kostebesparings aangesien dit goedkoper is om elektrisiteit teen 66kV as teen die voormalige 11kV aan te koop.

EN DIE WENNERS IS… SUID-AFRIKA!

Om saam te val met die 2015 Afrikabeker-sokkertoernooi het Munisipaliteit Overstrand sy eie mini-toernooi georganiseer waartydens agt onder-15-sokkerspanne in uitkloprondtes om hul eie AFCON-beker kon meeding.

Om ekstra luister aan die geleentheid te verleen, is die naam van 'n land wat aan die "regte" AFCON-toernooi deelgeneem het, toegeken aan elk van die mededingende spanne komende vanuit Gansbaai, Stanford, Mount Pleasant, Zwelihle, Hawston en Kleinmond.

"Suid-Afrika" (Zwelihle) het hulle goed van hul taak gekwyt deur "Ghana" (Gansbaai) in 'n moedige eindstryd met 2-0 te klop.

Rdl Vuyani Macotha oorhandig die Mini AFCON-beker aan die trotse kaptein van die wenspan.

’N VOLHOUBARE BALANS TUSSEN ONTWIKKELING EN OMGEWING IN ALMAL SE BELANG

Alhoewel die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling van uiterste belang is om die sosiale en ekonomiese welvaart van Overstrand en sy mense te verseker, is dit eweneens van belang om deurentyd die welstand van ons natuurskat voorop te stel, want dit is juis ons omgewing wat aan Overstrand sy unieke karakter verleen.

Om hierdie balans te vind, is nie ’n maklike taak nie. Om die waarheid te sê, Tarron Dry, ’n projekbestuurder in die Departement Omgewingsbestuursdienste, som hierdie opdrag só op: “Om aanpasbare en kreatiewe denke toe te pas op ’n immerveranderende en onvoorspelbare omgewing in ’n poging om die toekomstige uitkoms te probeer bestuur van ’n sisteem waaroor ons geen beheer het nie.”

Overstrand se Departement Omgewingsbestuursdienste is egter daartoe verbind om in sy dienslewering aan die gemeenskap ’n merkbare verandering te maak aan die welstand en beskerming van die gebied se natuurlike omgewing.

In hoofsaak is die afdeling daarvoor verantwoordelik om munisipale natuurreservate en oop ruimtes met biodiversiteitswaarde doeltreffend te bestuur en te verseker dat die munisipaliteit ’n omgewingsvoetspoor laat wat so klein as moontlik is. Om dit te vermag, word alle ontwikkelings vir omgewingsvolhoubaarheid geëvalueer en lewer die afdeling deurentyd advies aan belanghebbers, raadslede en amptenare oor omgewingsaangeleenthede.

Vanjaar gaan die afdeling sy aktiwiteite verder uitbrei deur, onder andere, ’n aantal programme van stapel te stuur wat daarop gemik is om bewaringsbedreigings te moniteer en te bestuur, die bestaande omgewingsbestuursplan aan die hand van ’n omgewingsoudit te hersien en in samehang met ander belanghebbers ’n kusbestuursprogram vir die Overberg te ontwikkel.

Voorts gaan die afdeling ten nouste betrokke wees by die daarstelling van ’n forum vir die bestuur van estuariums, die implementering van die “Working for Water”- en “Working for the Coast”-programme, die sluit van gesamentlike bestuursooreenkomste met plaaslike bewaringsorganisasies en die opstelling van ’n geïntegreerde brandbestuursplan vir bewareas.

Liezl Bezuidenhout, senior bestuurder van die omgewingsafdeling, sê sy en haar span is slaggereed om ’n bedrywige jaar aan te pak waarin hulle aktief daarvan werk gaan maak om die waarde van die natuurlike en landelike omgewing asook dié van groen ruimtes vir die mense van die Overstrand te verhoog.

Nadere besonderhede oor die bedrywighede van Overstrand se Departement Omgewingsbestuursdienste kan bekom word deur Me Bezuidenhout by 028 313 8256 te skakel.

WÊRELD TB-DAG

Op 24 Maart gaan mense weer eens daaraan herinner word dat die wêreld nog nie TB oorwin het nie. Hierdie dag wat die ontdekking van die oorsaak van tuberkulose net meer as 130 jaar gelede herdenk, dien ook as ’n vermaning dat ons almal ’n rol moet vervul om te verhoed dat hierdie dodelike siekte verder versprei:

As jy vir meer as twee weke sukkel om van ’n lastige hoes ontslae te raak wat gepaardgaan met simptome soos gewigsverlies, ’n powere eetlus, kouekoors, nagsweet, borskaspyn en asemhalingsprobleme moet jy jouself so gou moontlik vir TB laat toets.

Voorts moet jy altyd jou mond bedek wanneer jy hoes en jou kop wegdraai wanneer iemand anders hoes.

Die siekte se verspreiding kan ook ingeperk word deur te verseker dat plekke waar mense gereeld saamdrom, toereikend geventileer word. Maak dus seker dat jy in die toekoms ’n beknopte vertrek of taxi se vensters oopmaak.

As ons saam staan, die ons ’n einde aan TB maak.

Besoek enige van die nege primêre gesondheids-klinieke in Overstrand vir TB-toetsing en/of -behandeling.

POSITIEWE VOORUITSKOUING VIR PAASNAWEEK

Met die 2014/15-Kersseisoen iets van die verlede, is Overstrand reeds besig met voorbereidings vir ’n bedrywige Paasvakansie. Alhoewel die weer in Maart/April maar effe onvoorspelbaar kan wees, hoop die gasvryheidsbedryf dat die wonderlike weer wat besoekers oor die Kerstyd ervaar het, hope besoekers sal laat terugkeer om hierdie unieke omgewing se seisoensoorgang eerstehands te ervaar.

Boonop is daar heelwat wedervarings op die Overstrand-spyskaart wat selfs die beste ter wêreld oortref. So, byvoorbeeld, word die Passiespel* wat jaarliks op Goeie Vrydag by die Ou Hawe in Hermanus aangebied word, beskryf as ’n ervaring wat selfs Oberammergau oortref.

Vir volledige besonderhede oor geleenthede en byeenkomste wat tydens die Paasnaweek aangebied gaan word, besoek www.capewhalecoast.com of jou naaste toerismekantoor.

****Die Passiespel op Vrydag 3 April begin stiptelik om 20:00 in die Ou Hawe, Hermanus, maar word voorafgegaan deur ’n voorskou wat reeds om 17:00 ‘n aanvang neem. Nadere besonderhede in hierdie verband kan verkry word deur Fanus le Roux by 078 483 3080 te skakel.***

HOU OVERSTRAND SA SE GROENSTE DORP

Volg bloot reëls vir vullisverwydering

As daar nou iets is wat ’n dorp se strate ontsier, is dit rommel wat op ’n sypaadjie gelos word.

Daardie swart sak wat oornag onnadenkend uitgesit is, is meestal teen die volgende oggend deur rondloperdiere of mense wat na bruikbare artikels soek, verskeur.

Alhoewel Overstrand se inwoners meestal goed saamwerk deur hul huishoudelike rommel in twee sakke te skei - een vir sogenaamde “nat afval” (swart sak) en een vir herwinbare items (die deursigtige sak wat deur die Raad voorsien word) - oortree baie van hulle steeds die Raad se verordeninge, wat bepaal dat afval slegs uitgeplaas mag word op die oggend van die dag waarop afval amptelik verwyder word.

Voorts moet inwoners daarop let dat die praktyk om sakke op ’n straathoek of voor die afwesige buurman se deur te plaas, baie keer nie ongesiens verbygaan nie.

En dan is daar diegene wat ’n ekstra sak tuinvullis wil laat deurglip: Onthou, alle huishoudings is tot een sak tuinafval per afhaalbeurt beperk.

Daar is redes waarom Overstrand se afvalbestuurspan tuinvullis van huishoudelike vullis skei: eerstens neem tuinvullis onnodige ruimte op by die vullisterreine wat vir huishoudelike afval bestem is. Van groter belang is egter dat tuinvullis op ’n heel ander manier, tot voordeel van die omgewing, herwin word deur kompos daarvan te maak. Insgelyks word bou-afval as dekkingsmateriaal op die stortingsterreine benut.

Onverantwoordelike inwoners van Overstrand wat volhard om bourommel, tuinafval en huishoudelike afval te meng, kan uiteindelik tot gevolg hê dat verhoogde afvalverwyderingstariewe ingestel moet word, omdat die Raad ekstra arbeid nodig gaan hê om die onderskeie items namens hulle te skei.

Praat gerus ook met jou naweek-buurman oor dié kwessie: Al te dikwels laat naweekgaste sommer so in die verbygaan die naweek se afval op die straathoek, of erger nog, stort sommer oorbodige meublement by iglo’s wat eintlik vir herwinningsmateriaal bestem is.

Onthou asseblief en herinner jou bure daaraan dat die gebruik van probleemdierbestande afvalhouers verpligtend is in gebiede wat as probleemdiergebiede verklaar is.

Hou ook in gedagte dat ’n oortreding van enigeen van hierdie verordeninge jou ’n stewige boete op die hals kan haal.

Kom elkeen doen sy deeltjie om ons dorpe groen en skoon te hou.

STEINWAY-PIANIS BELOOF OM TE BEKOOR

Op Vrydag, 13 Maart gaan die verhoog in die Burgersentrum se ouditorium weer eens behoort aan die pianis Spencer Myer van die VSA. Hy is ’n voormalige wenner van UNISA se internasionale klavierkompetisie en het drie jaar gelede die Overstrand-gehore se asem weggeslaan. Hierdie keer gaan Myer werke van Scarlatti, Schumann, Ravel, Barber en Bolcom speel.

Die konsert begin om 19:00 en kaartjies kos R120 (R60 vir student). Bespreek by BELLINI deur 028 312 4988 te skakel, of kontak OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238 vir meer besonderhede.